

'N O N D E R S O E K NA DIE BEELD VAN
SORGHUMBIER ONDER SWART VERBRUIKERS AAN
DIE OOS-RAND

S K R I P S I E

Voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die
vereistes vir die graad

MAGISTER IN BEDRYFSADMINISTRASIE
in die fakulteit Ekonomiese Wetenskappe
aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT
vir

CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

deur

MAARTEN PETRUS ALBERTUS DE KOCK, B.A., H.B.A.

L E I E R

PROF. J.J.D. HAVENGA

ALBERTON

JANUARIE 1980

I N H O U D

BLADSY

LYS VAN TABELLE	iii
<u>HOOFSTUK 1</u>	
1.1 PROBLEEMSTELLING	1
1.2 DIE DOEL MET DIE ONDERSOEK	2
1.3 METODIEK EN VERSAMELING VAN INLIGTING	4
1.3.1 Gebied van die ondersoek	4
1.3.2 Die universum	4
1.3.3 Die steekproef	4
1.3.4 Betroubaarheid van die data	6
1.3.4.1 Steekproefverlies	6
1.3.4.2 Steekproeffout	6
1.3.4.3 Rapporteerfoute	7
1.3.4.4 Insameling van inligting	7
1.3.4.5 Probleme ondervind met studie	8
1.4 OMSKRYWING VAN DIE PRODUK SORGHUMBIER	9
1.5 GESKIEDENIS EN ONTWIKKELING VAN DIE SORGHUMBIERBEDRYF	10
<u>HOOFSTUK 2</u>	
2.1 DIE OMVANG VAN DIE VERBRUIK VAN ALKOHOLIESE DRANK	13
2.2 DIE SORGHUMBIERDRINKER	14
<u>HOOFSTUK 3</u> DIE WINKELBEELD	
3.1 DIE BASIESE KONSEP VAN WINKELBEELD	19
3.2 ELEMENTE VAN DIE WINKELBEELD	21
3.2.1 Algemene verbruikersindrukke	22
3.2.2 Funksionele elemente van die winkelbeeld ..	23
3.3 RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK	33
<u>HOOFSTUK 4</u>	
4.1 DIE AARD VAN PRODUKINVLOED	37
4.1.1 Motivering deur die produk	40
4.1.2 Elemente van die produkbeeld	41
4.2 HOUDINGS TEENOOOR PRODUKONTWIKKELING EN PRODUKONTWERP	44
4.2.1 Produkontwikkeling	45
4.2.2 Produkontwerp	48
4.2.3 Resultate van die ondersoek	49

4.3	VERPAKKING EN HANDELSMERK	54
4.3.1	Handelsmerk- en verpakkingsinvloede ..	55
4.3.2	Houdings teenoor handelsmerk en ver= pakking	56
4.3.3	Resultate van die ondersoek	58
4.4	HOUDINGS TEENoor PRYS	62
4.4.1	Prys as aanduiding van waarde	62
4.4.2	Prysgerief	63
4.4.3	Sielkundige pryse	64
4.4.4	Prysveranderings	64
4.4.5	Resultate van die ondersoek	65
 <u>HOOFSTUK 5</u> GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS		
5.1	DIE OMVANG VAN DIE VERBRUIK VAN SORGHUMBIER	67
5.2	DIE SORGHUMBIERDRINKER	67
5.3	DIE PRODUKBEELD	67
5.4	DIE WINKEL- EN ONDERNEMINGSBEELD	70
	SUMMARY	72
	BIBLIOGRAFIE	75
	TABELLE	77
	BYLAE A - VRAELYS	102

LYS VAN TABELLE

<u>TABEL</u>	<u>BLADSY</u>
1.1 Die ewart bevolking ouer as 18 jaar en die getal steekproefeenhede volgens verblyfplek.	5
2.1 Die gemiddelde jaarlikse beesteding en verbruik van dranksoorte deur drinkers bo 18 jaar in die gebied van die studie.	13
2.2 Besteding aan kommersiële sorghumbier en mout=bier volgens inkomste.	15
2.3 Besteding aan kommersiële eorghumbier en mout=bier volgens inkometepeil.	16
2.4 Besteding aan kommersiële eorghumbier en mout=bier volgens beroep.	17
2.5 Voorkeure vir sterk drank	77
2.6 Drank wat respondente sou aankoop indien meer geld beskikbaar was.	78
3.1 Plekke waar sorghumbier gedrink word.	79
3.2 Redes waarom verkies word om tuis te drink.	79
3.3 Redee waarom verkies word om in 'n biersaal te drink.	80
3.4 Voorgestelde veranderings om biersale te verbeter.	81
3.5 Verdere voorstelle van reespondente om biersale te verbeter.	82

LYS VAN TABELLE

<u>TABEL</u>	<u>BLADSY</u>
3.6 Menings omtrent die ideale grootte van h biersaal.	83
3.7 Houding ten opsigte van voorgestelde dienste in verband met verkoop van sorghumbier.	84
5.8 Houdings ten opsigte van biersale in swart woongebiede teenoor drankwinkels in blanke gebiede.	85
3.9 Opvattinge ten opsigte van vervaardiger en/of bemarkër van sorghumbier.	86
4.1 Keuse tussen moutbier en sorghumbier.	87
4.2 Redes vir voorkeur van moutbier.	88
4.3 Redes vir voorkeur van sorghumbier.	89
4.4 Redes waarom sorghumbier gedrink word.	90
4.5 Faktore wat nie-drinkers sal oorreed om weer sorghumbier te drink.	91
4.6 Evaluering van sekere eienskappe van sorghumbier.	92
4.7 Algemene opvattinge omtrent sorghumbier.	93

LYS VAN TABELLE

<u>TABEL</u>	<u>BLADSY</u>
4.8 Siening van verbruikers omtrent die vraag of sorghumbier nog volgens die tradisionele resep gebrou word.	94
4.9 Beeld van tipiese sorghumbierdrinker.	95
4.10 Voorstelle om die gehalte van sorghumbier te verbeter.	96
4.11 Gebruik van sorghumbier ten opsigte van verpakte en onverpakte bier.	97
4.12 Voorkeure ten opsigte van die houer waarin sorghumbier verpak word.	99
4.13 Voorkeure ten opsigte van grootte van houer vir die verpakking van sorghumbier.	99
4.14 Kleurvoorkeure vir sorghumbierpakkie.	100
4.15 Voorkeure ten opsigte van motief en beeld op pakkie.	100
4.16 Betekenis van handelsmerke "Victor beer" en "Country Brew".	101
4.17 Prys wat respondent bereid is om te betaal vir 'n beter kwaliteit sorghumbier.	101

HOOFSTUK I

1.1 PROBLEEMSTELLING

Die verbod op die verkoop van Blankedrank aan en die besit daarvan deur Swartes soos bepaal deur die Konso=liderende Drankwet no 30 van 1928, is kragtens die Drankwysigingswet no. 72 van 1961, wat in 1962 in werking getree het, opgehef. Volgens laasgenoemde wet word Swartes in staat gestel om drank vryelik van plaaslike besture wat daartoe gemagtig is, handelaars, werkgewers of Swart owerhede te verkry. Dit het dus logies gevolg dat die Swartman as gevolg van die opheffing van die prohibisie die teiken van drankver=vaardigers se bemarkingstrategie en derhalwe ook reklame=veldtogte sou word. As gevolg van die veldtogte, die gehalte van die produk asook besondere vorms van verpak=king, het sterk drank en in besonder moutbier, 'n groot aanhang onder Swartes verkry, en mettertyd 'n positiewe beeld gebou. Hierteenoor is sorghumbier deur plaaslike owerhede aan Swartes verkoop, aanvanklik hoofsaaklik as 'n diens aan die ontwortelde stam Swartes wat na die stede gestroom het om werk te bekom en nog 'n sterk behoefte na hul tradisionele drank gehad het. Selfs met hierdie diensbenadering is enorme winste egter gemaak en is die noodsaaklikheid van 'n behoorlike bemarkingstrategie nie besef nie. Tot heel onlangs is geen reklame ten opsigte van sorghumbier gedoen nie. Dit kan dus verwag word dat die beeld van sorghumbier onder verbruikers wel 'n laagtepunt sou bereik in vergelyking met die beeld van sterk drank.

Die patroon van totale sorghumbierverkope toon sedert die helfte van 1973 'n gelykmatige verloop met 'n dalende tendens vanaf die helfte van 1975.

Die produk blyk in die volwasse fase van sy lewensiklus te wees en die verkope in stedelike gebiede toon reeds 'n geleidelike daling. Verkope in platte-landse gebiede toon hierteenoor 'n geleidelike styging, maar dit kan grootliks toegeskryf word aan die ontginning van nuwe markgebiede. ¹⁾

Die vraag ontstaan nou tot welke mate die beeld van die produk sorghumbier tot die dalende tendens bygedra het en, indien die beeld relatief swak blyk te wees, watter stappe geneem kan word om die beeld te verbeter.

1.2 DIE DOEL MET DIE ONDERSOEK

Die ondersoek het dit ten doel om inligting omtrent die volgende aspekte te verkry ten opsigte van Swart verbruikers aan die Oos-Rand:-

- 1.2.1 Die omvang van die verbruik van Sorghumbier onder Swartes in verhouding tot ander alkoholiese drank.
- 1.2.2 Die identifisering van die verbruiker van sorghumbier volgens beroep, inkomstepeil en opvoedingspeil.
- 1.2.3 Die houding van verbruikers ten opsigte van die produk Sorghumbier.

1) Van Rensburg, D.B.J: Die ontwikkeling en toepassing van 'n Bemakingsnavorsingshandleiding vir Sorghumbier in Bantoesake - Administrasierade, Ongepubliseerde M.B.A. - verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1976, p.3

- 1.2.4 Die houding van verbruikers ten opsigte van die distribusiepunte van sorghumbier.
- 1.2.5 Die houding van die verbruiker ten opsigte van die instansie verantwoordelik vir die produksie en bemarking van Sorghumbier.

1.3 METODIEK EN VERSAMELING VAN INLIGTING

1.3.1 GEBIED VAN DIE ONDERSOEK

Die data vir hierdie ondersoek is ingesamel deur middel van 'n verbruikersopname in die volgende landdrosdistrikte:

Alberton, Germiston, Boksburg,
Benoni, Springs, Brakpan,
Nigel en Kempton Park.

Om agtergrondkennis te bekom, is publikasies oor sorghumbier geraadpleeg. Daar is ook van toepaslike vakliteratuur gebruik gemaak om die onderwerp van hierdie studie verder toe te lig.

1.3.2 DIE UNIVERSUM

Die universum waaruit die steekproef getrek is bestaan uit alle swart mense van 18 jaar en ouer, woonagtig in huise en hostelle in swart woongebiede asook persone woonagtig in privaat kampe in Blanke gebiede, in die genoemde landdrosdistrikte. Die universum sluit enkellopendes in Blanke gebiede, asook persone op plase en plotte uit.

1.3.3 DIE STEEKPROEF

As gevolg van beskikbare fondse, tyd en personeel is daar besluit op 'n steekproef van 375 of te wel 0,104% van die universum.

Ten einde die steekproef te trek is van die ewekansige steekproefmetode gebruik gemaak. Die bevolking ouer as 18 jaar is proporsioneel tot hulle verblyfplek in die steekproef verteenwoordig. (Tabel 1.1)

TABEL 1.1 Die swart bevolking ouer as 18 jaar en die getal steekprofeenhede volgens verblyfplek.

Verblyfplek	Bevolking ouer as 18 jaar		Getal Steekprofeenhede	
	Getal	%	Beplan	Gebruik
Huise	220 591	61.3	230	223
Hostelle	93 754	26.0	98	95
Kamponge	45 655	12.7	47	44
	360 000	100.0	375	362

Die finale steekproefgrootte was dus 0,1% van die universum.

Die bevolking ouer as 18 jaar in die verskillende woongebiede is proporsioneel tot hulle getalle in die steekproef verteenwoordig.

'n Kaart van die steekproefgebiede waarop huise aangetoon word is voorts geneem en alle huise wat by die steekproef ingesluit is, is so gekies en op die kaart afge-merk dat dit 'n goeie geografiese verspreiding van die eenhede tot gevolg het. Slegs een respondent per huis is ewekansig vir ondervraging gekies.

Drie hostelle en een kampong is ewekansig in die steekproef ingesluit wat meebring dat daar nie in een van hierdie verblyfplekke minder as 30 respondente in die steekproef verteenwoordig was nie. Respondente in hierdie verblyfplekke was ook op ewekansige wyse vir ondervraging gekies.

1.3.4 BETROUBAARHEID VAN DIE DATA

1.3.4.1 STEEKPROEFVERLIES

Die steekproefverlies het 7 vraelyste onder huisbewoners en 3 vraelyste onder kampongbewoners beloop. Hierdie verlies was redelik eweredig tussen die onderskeie verblyfplekke versprei en behoort dus nie die betroubaarheid van die data wesenlik te beïnvloed nie. Die steekproefverlies beloop ongeveer 3,5% van die beplande steekproefeenhede.

1.3.4.2 STEEKPROEFFOUT

Daar moet in gedagte gehou word dat die resultate aan steekproeffoute onderworpe is omdat die data deur middel van 'n steekproef verkry is.

Om 'n aanduiding te verkry van die omvang van steekproeffoute is die steekproeffout op die 95% - betroubaarheidsinterval bereken vir die gemiddelde jaarlikse besteding aan kommersiële sorghumbier wat R21,74 beloop het. Die standaardfout van die gemiddelde is bereken as R0,61.

Daar kan dus met 95% sekerheid beweer word dat die gemiddelde jaarlikse besteding aan kommersiële sorghumbier tussen R20,52 en R22,96 beloop, 5,6% hoër of laer as die gemiddelde van R21,74.

1.3.4.3 RAPPORTEERFOUTE

Die enigste sekondêre data waarmee die resultate van hierdie ondersoek vergelyk kan word is die sorghumbier verkope in die steekproefgebiede, vir die tydperk waar= in die opname onderneem is (Julie en Augustus 1979) Die gemiddelde verkope vir hierdie twee maande was 5 586 975 liter. ²⁾ Op grond van die universum kom die maandelikse verbruik op 15.5 liter te staan, terwyl die opnamesyfer 13.4 liter is, dus 13,5% laer.

By 'n verbruikersopname is dit onmoontlik om rappor= teerfoute geheel en al uit te skakel. Inwoners wat nie by die steekproef ingesluit is nie koop wel sorghumbier in die steekproefgebiede wat vir boge= noemde verskil verantwoordelik kan wees. Steekproef= foute kan ook vir hierdie verskil verantwoordelik wees.

1.3.4.4 INSAMELING VAN INLIGTING

Die inligting is deur middel van persoonlike onderhoude en met behulp van 'n vraeboog ingesamel. Die vraeboog wat vir hierdie ondersoek gebruik is, verskyn in bylae A.

'n Voorlopige vraeboog is vooraf by verskillende respon= dente getoets in die teenwoordigheid van al die opnemers wat met die opname behulpzaam sou wees, om sodoende die

2) Bron: Ongepubliseerde statistiek. Oos-Randse Administrasieraad.

vraeboog te verbeter en eenvormigheid tussen opnemers te verseker. Toetsbesoeke is gebring aan 10% van die respondente ten einde die eerlikheid en standaard van die opnemers te kontroleer. Opnemers is in diens van die Oos-Randse Administrasieraad as reklamebeampies en is as sulks redelik vertrouwd met opnames van die aard.

Die opname is gedurende Julie 1979 en Augustus 1979 voltooi.

Tabelle van die verskillende aspekte is opgestel en kruistabulasie van vergelykbare gegewens is gedoen.

1.3.4.5 PROBLEME ONDERVIND MET STUDIE

Kommunikasieprobleme met swart verbruikers is grootliks oorkom deurdat van swart opnemers gebruik gemaak is. Nogtans is probleme ondervind om die werklike betekenis van sommige vrae by die verbruiker tuis te bring. Soos later sal blyk beskik die grootste persentasie van die verbruikers oor lae akademiese kwalifikasies.

1.4 OMSKRYWING VAN DIE PRODUK SORGHUMBIER

Sorghumbier (bjalwa / utshwala - vroër na verwys as Kafferbier of Bantoebier) is die tradisionele drank van die Swartmense van Suidelike Afrika sedert die vroegste jare. Verskillende tipes biersoorte word deur die Swartmense gebrou. Twee hoofkategorieë is egter te onderskei, naamlik bier gebrou van graangewasse, hoofsaaklik sorghum (Kafferkoring), giers en mielies, en bier gebrou van verskeie soorte palms, die maroelavrug, heuning, turksvye. Die gebruik van hierdie biersoorte, maar in besonder die bier gebrou van graangewasse, vorm 'n integrale deel van die kultuur van die Swartman. Dit speel dan ook 'n belangrike rol op elk van die verskillende kultuurterreine soos die sosiale, goedsdienstige, ekonomiese, politiese en judisiële. Stayt (1931) som die funksie wat bier in die stamlewe van die Venda vervul (en dit geld in hoofsaak vir al die etniese groepe) soos volg op: "Beer, halwa, is consumed in enormous quantities in times of plenty, doing service as both food and drink to the average MuVenda. It is an essential factor in their diet, and to the question, What is your favourite food?", every MuVenda returns the same invariable reply, "Halwa!". The whole social system of the people is inextricably linked with this popular beverage which is the first thought in dispensing

hospitality, the favourite tribute of subjects to their chiefs, and almost the only votive offering dedicated to their spirits (p.48) ³⁾

Tradisioneel is bier deur die vroue tuis gebrou en hoofsaaklik deur die mans gedrink. Die algemene gebruik was om van drankgebruik 'n sosiale geleentheid te maak. Die gebruik van bier is tot volwassenes wat dit volgens die voorgeskrewe gewoonte drink, beperk. ⁴⁾

Ernest Dichter verwys in hierdie verband na 'n interessante analogie sover dit die brou van bier in Engeland in die vroeëre eeue, betref, waar bier dikwels gebruik is om belastings mee te betaal en ook vir 'n geruime tyd slegs deur vroue gebrou is. ⁵⁾

1.5 GESKIEDENIS EN ONTWIKKELING VAN DIE SORGHUMBIERBEDRYF

"Gedurende die afgelope halwe eeu (egter) het die suidelike gedeelte van Afrika 'n industriële oplewing van steeds toenemende tempo ondergaan en dit is teen hierdie agtergrond dat die moderne Bantoebierbedryfstak gesien moet word.

-
- 3) Stayt, N.A., The Bavenda, London, O.U.P., 1931, soos aangehaal in Schmidt, J.J. en Botha, P.A., Die drinkpatroon van die Bantoe in 'n stedelike gebied, Verslag nr. S - 33, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria, 1974, p. 1.
 - 4) Ibid., p.2
 - 5) Dichter, Ernest: Handbook of Consumer Motivations, Mc Graw - Hill Book Company, New York, 1964.

Miljoene stambantoes het na die stede gestroom om 'n steeds belangriker rol in die industrialisasieproses te speel en dikwels is hul families op die platteland agtergelaat. Die tradisionele brouers het agtergebly, maar nie die Bantoe se dors na Bantoebier nie, en as gevolg van 'n snel toenemende vraag na hierdie drank in Blanke stedelike gebiede het die moderne Bantoebierbedryfstak sy beslag gekry. Om te verseker dat die Bantoe nie uitgebuit word nie en aangesien besef is dat potensieel groot winste te verdien was, wat ten goede van die Bantoe aangewend kon word, is die alleenreg om Bantoebier vir verkoop te brou, deur wetgewing aan plaaslike owerhede soos munisipaliteite en Stadsrade toegesê.⁶⁾

Ingevolgde die volgende uniale wetgewing is die bevoegdheid om Sorghumbier te brou en te verkoop derhalwe aan plaaslike owerhede verleen:

Transvaal:	Ordonansie 32 van 1902
Kaapprovinsie:	Wet 28 van 1898
Oranje Vrystaat:	Ordonansie No 8 van 1903
Natal:	Wet 23 van 1908

Met die uitsondering van enkele plaaslike owerhede in Natal het min ander plaaslike owerhede egter voor 1923 van hierdie magtiging gebruik gemaak. In die jaar is die brou en gebruik van Sorghumbier vir die eerste keer landswyd beheer kragtens die Naturellen (Stadsgebieden) Wet no 21 van 1923. Sedertdien is die posisie met betrekking tot Sorghumbier, soos bepaal deur alle vorige wetgewing, bestendig deur die Wet op Bantoebier no 63 van 1962, wat tans nog van krag is.

6) De Jager, J.I: Die Bemaking van Bantoebier in die Blankegebiede van Suid-Afrika, Ongepubliseerde M.B.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1972, p.1

Voor 1953 is geen rekord gehou van die totale jaarlikse produksie van sorghumbier deur die plaaslike owerhede nie. Vanaf die 1953/54 - finansiële jaar word volledige statistieke egter gehou wat toon dat gedurende genoemde jaar die totale produksie 95 miljoen liter ter waarde van R4 miljoen beloop het, wat deur 50 plaaslike owerhede gebrou is. Teen 1969/70 het die produksie gestyg tot 760 miljoen liter per jaar ter waarde van R36 miljoen. 7)

Tans bestaan die sorghumbierbedryf in die Republiek van Suid-Afrika (insluitende alle swart tuislande) die Republiek van Transkei, die Republiek van Bophuthatswana en Venda, uit 32 brouerye wat ongeveer 950 miljoen liter sorghumbier ter waarde van ongeveer R100 miljoen per jaar brou. 8)

Op 1 Julie 1973 het die bestuur van die brouerye in die Blanke gebiede op die Administrasierade, wat ingevolge die Wet op die Administrasie van Bantoesake 1971, ingestel is, oorgegaan. Vermelde Rade ontvang geen finansiële steun van owerheidsweë nie en is tot 'n groot mate afhanklik van die winste wat met die verkoop van sorghumbier gemaak word ter finansiering van die uitgawes verbonde aan die uitoefening van hul funksies kragtens vermelde wet.

7) Ibid., p.2

8) Bron: Ongepubliseerde statistiek, Sorghumbiereenheid van die W.N.N.R.

HOOFSTUK 2DIE OMVANG VAN DIE VERBRUIK VAN ALKOHOLIESE
DRANK EN DIE IDENTIFISERING VAN DIE SORGHUM=
BIERDRINKER**2.1** DIE OMVANG VAN DIE VERBRUIK VAN ALKOHOLIESE
DRANK

Die besteding en verbruik van die onderskeie dranksoorte is gekontroleer met huidige pryse van hierdie dranksoorte om sorg te dra dat die verhouding tussen verbruik en besteding nie uit verband geruk is nie.

Tabel 2.1 toon die besteding en verbruik van die onderskeie dranksoorte aan.

TABEL 2.1

DIE GEMIDDELTE JAARLIKSE BESTEDING
EN VERBRUIK VAN DRANKSOORTE DEUR
DRINKERS BO 18 JAAR IN GEBIEDE VAN STUDIE

DRANKSOORT	DRINKERS BO 18 JAAR			
	JAARLIKSE VERBRUIK		JAARLIKSE BESTEDING	
	LITER	%	R	%
<u>SORGHUMBIER:</u>				
- kommersieël	161	27,4	21,74	6,0
- tuisbrou	155	26,4	18,60	5,2
SPIRITUALIEë	7	1,2	46,76	13,0
WYN	1	0,2	1,85	0,5
MOUTBIER	263	44,8	271,56	75,3
TOTAAL	587	100,0	360,51	100,0

Net 6% van die totale besteding aan drank word verteenwoordig deur kommersiële sorghumbier in teenstelling met die 75,3% wat verteenwoordig word deur moutbier.

Die jaarlikse per capita gebruik van sorghumbier beloop 390 liter, 161 liter kommersiële sorghumbier gekoop, 155 liter tuisgebroude sorghumbier gekoop en 74 liter sorghumbier self gebrou. Net 41,2% van die totale verbruik van sorghumbier word verteenwoordig deur kommersiële sorghumbier. Schmidt ¹⁾ het in 'n ondersoek in die woongebiede Atteridgeville en Mamelodi, gevind dat 52% van die ondersoekgroep tuisgebroude sorghumbier drink. Hierdie aspek verg verdere ondersoek.

2.2. DIE SORGHUMBIERDRINKER

Hoe hoër 'n persoon se verdienste (Tabel 2.2) hoe minder word bestee aan kommersiële sorghumbier in teenstelling met die verhoogde besteding aan moutbier. Dit wil voorkom asof die keerpunt in die besteding aan kommersiële sorghumbier R1 500 per jaar is.

Namate die opvoedingspeil styg, verminder die besteding aan kommersiële sorghumbier met 'n duidelike keerpunt hoër as standerd 8 (Tabel 2.3).

Die besteding aan kommersiële sorghumbier neem af namate meer geskoolde beroepe beoefen word (Tabel 2.4).

1) Schmidt, J.J. en Botha, P.A., Die drinkpatroon van die Bantoe in 'n stedelike gebied, Verslag nr. S-33, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria, 1974, p.22.

'n Verskerpte mededinging tussen kommersiële sorghumbier en moutbier kan verwag word omdat die besteding van kommersiële sorghumbier afneem waar die besteding van moutbier toeneem. Daar moet dus aandag geskenk word aan metodes om die beeld of status van sorghumbier te verbeter.

TABEL 2.2

BESTEDING AAN KOMMERSIËLE SORGHUMBIER
EN MOUTBIER VOLGENS INKOMSTE

INKOMSTE PER JAAR R	DRINKERS BO 18 JAAR	
	JAARLIKSE BESTEDING	
	KOMMERSIËLE SORGHUMBIER	MOUTBIER
	<u>R</u>	<u>R</u>
1 000	28 , 48	74 , 55
1 000-1 500	25 , 84	274 , 65
1 500-2 000	15 , 33	295 , 66
2 000-2 500	11 , 32	326 , 49
2 500 +	9 , 72	340 , 50
GEMIDDELD	21 , 74	271 , 56

TABEL 2.3 BESTEDING AAN KOMMERSIËLE SORGHUMBIER
EN MOUTBIER VOLGENS OPVOEDINGSPEIL

OPVOEDINGS= PEIL	DRINKERS BO 18 JAAR	
	JAARLIKSE BESTEDING	
	KOMMERSIËLE SORGHUMBIER	MOUTBIER
	<u>R</u>	<u>R</u>
Geen	36 , 41	149 , 37
Sub A-St. 4	41 , 50	199 , 16
St. 5 en 6	18 , 88	307 , 79
St. 7 en 8	19 , 11	298 , 74
St. 9 en 10	2 , 15	353 , 06
Hoër	1 , 81	200 , 67
	21 , 74	271 , 56

TABEL 2.4 BESTEDING AAN KOMMERSIËLE SORGHUMBIER
EN MOUTBIER VOLGENS BEROEP

BEROEP	DRINKERS BO 18 JAAR	
	JAARLIKSE BESTEDING	
	KOMMERSIËLE SORGHUMBIER	MOUTBIER
	<u>R</u>	<u>R</u>
Professioneel	13 , 40	247 , 61
Bestuurders	-	253 , 91
Geskoolde arbeid	12 , 31	568 , 67
Halfgeskoolde arbeid	21 , 08	281 , 19
Ongeskoolde arbeid	25 , 41	256 , 01
Administratief	2 , 27	413 , 39
Geen beroep	24 , 03	41 , 97
Gemiddelde	21 , 74	271 , 56

'n Ontleding van die inligting vervat in tabelle 2.2, 2.3 en 2.4 dui op 'n korrelasie tussen lae inkomste, lae opvoedingspeil en ongeskooldheid by verbruikers en die besteding aan sorghumbier. Dit kan dus afgelei word dat namate inkomste, opvoedingspeil en geskooldheid onder swart verbruikers verhoog, die besteding aan sorghumbier sal afneem. Dit hoef egter nie noodwendig 'n daling in sorghumbierverkope tot gevolg te hê nie aangesien die natuurlike bevolkingsaanwas vir die verlies aan verbruikers kan kompenseer.

HOOFSTUK 3

DIE WINKELBEELD

3.1 Die basiese konsep van winkelbeeld

Verbruikers ontwikkel, net soos in die geval van 'n produk, ook 'n bepaalde beeld van die winkel of onderneming, wat weer 'n direkte invloed het op hul keuse van winkel en op hul verkoopsgedrag. Die besluit om by 'n bepaalde winkel te koop hang net soveel af van die verbruiker se siening van die winkel as van enige ander omgewingsfaktore.

Die begrip winkelbeeld is kompleks van aard in die sin dat dit saamgestel is uit die verbruiker se waarneming en evaluering van 'n hoeveelheid tasbare en ontasbare faktore. Sommige van hierdie faktore is beheerbaar deur die handelaar terwyl ander weer van 'n meer subjektiewe aard is, as gevolg van die verbruiker se persoonlike evaluering van die faktore, en is dus onbeheerbaar.

In verband met die konsep van 'n winkelbeeld verklaar Marthineau "... there is a force operative in the determination of a store's customer body besides the obvious functional factors of location, price ranges, this force is the store personality or image - the way in which the store is defined in the shopper's mind, partly by its functional qualities and partly by an aura of psychological attributes". ¹⁾

1) Marthineau, P., Personality of the retail store, soos aangehaal in Anderson, C.R. en Cateora, P.R., Marketing insights; selected readings, Appletoncenture-crofts, New York, 1968, p.p. 336 - 381.

Uit hierdie definiesie blyk twee sleutelaspekte duidelik naamlik funksionele kwaliteite (verskeidenheid van ware, pryse, ensovoorts) en sielkundige eienskappe (Gevoel van warmte en vriendelikheid en aanvaarding). Dit volg ook dat meer as een funksionele en meer as een sielkundige faktor van toepassing kan wees en dat winkelbeeld gelyktydig gevorm word op beide funksionele en sielkundige vlak.

William Lazer ²⁾ sien die beeld as 'n gewaarwording of sensoriese ondervindings wat van 'n verskeidenheid van bronne soos advertensie, verpakking en prys ontvang word. Beeld word volgens hom gevorm binne die sosiologiese-, fisiese-, en psigologiese omgewing.

Walters ³⁾ sien winkelbeeld as 'n subjektiewe houding van die verbruiker teenoor die besigheidsonderneming as 'n funksionerende eenheid.

J.H. Kunkel en L.L. Berry ⁴⁾ definieer winkelbeeld as "... the total conceptualized or expected reinforcement that a person associated with shopping at a particular store".

-
- 2) Lazer, W., Marketing management; a systems perspective, John Wiley and Sons Inc. New York, 1971, p. 469.
 - 3) Walters, op. cit., p. 537.
 - 4) Kunkel, J.H. en Berry, L.L., A behavioral conception of retail image, Journal of Marketing, October 1968, vol. 32, p. 22.

Vorige ondervinding van die verbruiker word deur hierdie skrywers beklemtoon as 'n belangrike aspek van winkelbeeld. Bevredigende resultate by 'n besondere winkel verbeter winkelbeeld by die verbruiker en bevorder lojaliteit. Die omgekeerde is egter ook waar.

A.R. Oxenfeldt ⁵⁾ beweer dat die beeld van 'n winkel meer is as die feitlike beskrywing van sy eienskappe. Dit is meer as die som van die bestanddele wat dit uitmaak. Dit verteenwoordig 'n interaksie tussen verskillende eienskappe en het ook 'n sterk emosionele inhoud. Verbruikers reageer emosioneel op die eienskappe van 'n winkel, soos hy dit sien. Oxenfeldt stel dit soos volg: "... some customers may feel toward one store as toward a warm, trustworthy, helpful friend. Other stores may seem to these same people deceitful, exploitative, unpleasant, and antagonistic".

3.2 ELEMENTE VAN DIE WINKELBEELD

'n Groot hoeveelheid faktore dra by tot die vorming van die winkelbeeld of tot die positiewe of negatiewe houdings wat verbruikers tot sekere winkels het. Faktore wat deur verskillende skrywers aangehaal word kom in breë trekke ooreen, soos later sal blyk.

Die elemente van winkelbeeld word deur Walters verdeel in spesifieke funksionele elemente en algemene indrukke.

5) Oxenfeldt, A.R., Developing a favourable price-quality image, Journal of Retailing, Winter 1974 - 1975, Vol. 50, no. 4, p.9.

3.2.1 Algemene verbruikersindrukke

Sommige verbruikers reageer op die besigheidsonderneming as 'n geheel en nie alleen op sekere eenskappe van die winkel nie. Hulle vorm 'n algemene indruk van die winkel wat nie noodwendig op enigiets konkreets baseer is nie. Dit kan ook as 'n gevoel vir die betrokke onderneming beskryf word. Die algemene indruk wat die verbruiker dus vorm kan op verskeie wyses beïnvloed word.

Eerstens speel die houding van die groep waartoe die verbruiker behoort 'n belangrike rol in die bepaling van sy eie houding. Houdings ten opsigte van ondernemings word mondelings in 'n betrokke groep versprei. Uit die aard van die saak het sommige winkels 'n beeld van hoë gehalte en sommige een van lae gehalte en kan verwag word dat winkels dienooreenkomstig deur verbruikers besoek sal word. Sekere tipe winkels soos die moderne hipermarkte is normaalweg vir alle tipe verbruikers aanvaarbaar.

Tweedens is dit 'n algemene reël dat verbruikers koop waar hulle gemaklik voel. Dit is ook so dat die verbruiker gemaklik voel in die omgewing wat aanpas by sy lewenswyse of -styl. So sal jong moeders met kinders byvoorbeeld meer tuis voel in die voorstedelike winkelsentrums aangesien die sentrums 'n algemene beeld van informaliteit en ontspanning het.

Derdens word indrukke beïnvloed deur emosionele faktore. 'n Verbruiker kan sonder enige tasbare rede geneë voel tot die winkel en sodra die indruk verkry is verander die verbruiker se houding moeilik.

3.2.2 Funksionele elemente van die winkelbeeld

Dit is vir die onderneming belangrik om bekend te wees met die elemente wat die winkelbeeld uitmaak en ook wat die volgorde van belangrikheid daarvan vir die verbruiker is. Dit stel hom in staat om sy aanbod in ooreenstemming te bring met die behoeftes van die segment van die mark wat hy beoog om te bedien. 7)

Walters ⁶⁾ beskryf vyf elemente van die winkelbeeld, naamlik ligging, ontwerp, verskeidenheid van produkte, diens en personeel. Die persoonlikheid van die winkel sien hy as die verbruiker se indrukke van hierdie vyf elemente tesame met die subjektiewe houding of algemene indrukke van die verbruiker wat reeds bespreek is.

Die invloed van bogenoemde vyf elemente op die houding van die verbruiker teenoor die winkel word vervolgens kortliks bespreek.

Ligging kan beskryf word as die fisiese plasing van die onderneming in sy omgewing. Bewustelik of onbewustelik het ligging altyd 'n invloed op die houding van die verbruiker. Van die belangrikste faktore in verband met die ligging van die onderneming is, in die eerste plek, die voorkeure van verbruikers vir sekere liggings. Verbruikers verwag om sekere besighede in spesifieke gebiede aan te tref.

6) Walters, op. cit., p.p. 539 - 547.

7) Havenga, J.J.D., The image-matrix and retail-store patronizing, Ongepubliseerde artikel.

Rich en Portis ⁸⁾ het in 'n studie in hierdie verband gevind dat die beeld van winkels in kleiner voorstede swakker is as die van winkels in besigheidsentrums. 'n Rede hiervoor kan wees dat die beweging na voorstede 'n mate van eenvormigheid onder die voorstedelike besighede tot gevolg gehad het. Aan die ander kant verwag verbruikers om wat sekere besighede betref, verder te reis en word dit so aanvaar. Hier word veral verwys na die groot afslagwinkels.

Walters wys ook daarop dat 'n besigheid die karakter van sy onmiddellike omgewing aanneem. So sal 'n winkel in 'n woonbuurt deur die verbruiker gesien word as klein, vriendelik en interessant terwyl besighede in besigheidsentrums gesien word as besig, opwindend en onpersoonlik. 'n Winkel wat in die omgewing van besighede, wat klem op hoë kwaliteit lê geleë is mag deur die verbruiker sondermeer met hoë kwaliteit goedere assosieer word. Dieselfde geld wat prys betref.

In die tweede plek het verbruikers soms ook 'n sekere afkeur in sekere persele in 'n besigheidskompleks. Dit kan byvoorbeeld verband hou met die vloei van verkeer.

In Suid-Afrika, waar verkeer aan die linkerkant van die pad beweeg, is dit in verkeersdrukte moeiliker om regs te draai as links. Die keuse van 'n sekere winkel is dus soms slegs die gevolg van die verbruiker se onbereidheid om terug te draai of 'n besige straat te kruis.

8) Rich, S.U. en Portis, B.D. The images of department stores, Journal of Marketing, April 1964, p.p. 10 - 15.

Walters voer ook die interessante siening aan dat, aangesien die meerderheid van verbruikers regs is, verbruikers geneig is om by die keuse van twee winkels die een op regterhand te kies.

Ligging hou logies ook verband met die aspek van toeganklikheid. Vir die verbruiker is nie alleen toeganklikheid nie maar ook gerieflike en genoegsame parkeergeriewe van belang.

Geen reklame of enige vorm van promosies, kan heeltemal vir die swak ligging van 'n besigheid kompenseer nie.

Ontwerp het betrekking op die argitektoniese beplanning, uitleg en versiering van die gebou. Uit die aard van die saak word die uiterlike voorkoms van die gebou eerste deur die verbruiker waargeneem. Moderne of oud-modiese toerusting en fasiliteite skep twee uiteenlopende beelde van die winkel. Die invloed van beskikbare fasiliteite - die toestand en algemene voorkoms daarvan - op die winkelbeeld kan nie ontduik word nie.

Aan die ander kant kan die winkelbeeld egter deur enige verandering in die ontwerp of voorkoms van die gebou en/of fasiliteite ten goede beïnvloed word. Die verandering in beeld mag tot verhoogde verkope lei. Dit mag egter nodig wees om die beeld te wysig om beter aan te pas by die verbruikers.

Die verskeidenheid van produkte beskikbaar speel 'n verdere belangrike rol in die vorming van die winkelbeeld.

Verskeidenheid sluit in verskillende tipe produkte in voorraad, verskillende style, modes en die hoeveelheid van elke tipe in voorraad.

Walters verstrek die volgende algemene beeld van 'n winkel met 'n wye reeks van goedere:-

- wye reeks van produklyne
- meer verskillende handelsmerke
- wye prysreekse
- groter verskeidenheid in gehalte van produkte
- minder persoonlike aandag aan klante
- minder-bevoegde werknemers.
- onpersoonlike verhoudinge
- groter verskeidenheid van dienste.

Die algemene beeld van winkels met 'n kleiner reeks van goedere is soos volg:-

- Groter diepte: alle grotes en meeste style
- meer kennis van produkte
- groter belangstelling in klante
- geen kredietverkope
- klem op diens
- meer persoonlike aandag aan klante.

Diens aan verbruikers speel 'n belangrike rol in die vorming van winkelbeeld. Diens kan omskryf word as daardie ontasbare benodigdhede wat die verbruiker verlang slegs wanneer die produk gekoop word. Sommige basiese diens vergesel enige transaksie, byvoorbeeld parkering, inligting en verpakking. Die verbruiker se vraag na diens varieer met die verwagte bevrediging uit die diens.

Walters klassifiseer dienste soos volg:-

A. Dienste wat produktebevrediging verhoog.

- Krediet
- Veranderings aan produk, installasie en prestasietoetsing
- Inligting.

B. Dienste wat gerief verhoog.

- Aflewering
- Verpakking
- Parkering
- Wissel van tjeks
- Telefoniese bestellings.

C. Spesiale voordeel-dienste.

- Oppasgeriewe vir babas
- Omruil van produkte
- Hantering van klagtes
- Geskenkpapier
- Herstelwerk.

Dit is logies dat tensy die koste verbonde aan beter dienste verhaal kan word deur byvoorbeeld verhoogde verkope, dit kan lei tot verhoogde produkpryse.

Verder is dit ook so dat meer dienste verlang word ten opsigte van sekere produkte as ander. Normaalweg word of dienslewering of billike pryse aangebied.

Die invloed van personeel op die winkelbeeld moet gesien word in die lig dat personeel die lewende simbool van die besigheid is. Al die goeie invloed van die voorafgaande elemente kan deur swak personeel tot niet gemaak word.

Die invloed van werknemers op die beeld van die onderneming kan dus nie oorbeklemtoon word nie. Verbruikers wil deur verkoopspersoneel eerlik behandel word en verwag belangstelling en aandag. Hulle wil bedien word en verwag dat die verkoopsman alle vrae in verband met die produk moet kan beantwoord. Die eienskappe wat hulle die meeste in die verkoopsman waardeer is vriendelikheid, hoflikheid en hulpvaardigheid. Enige onderneming kan slegs voordeel trek uit 'n beeld van verkoopspersoneel wat aan hierdie beskrywing voldoen.

'n Gunstige beeld van sy onderneming is die strewe van enige bestuurder. Die feit dat 'n onderneming nie dieselfde gunstige beeld onder alle verbruikers het nie dui daarop dat sommige verbruikers 'n ander beeld van die onderneming gevorm het as wat die onderneming van homself het. In die laaste instansie is 'n onderneming dit wat die verbruiker daarvan dink en word 'n aansienlike gedeelte van die verbruiker se houdings beïnvloed deur emosionele faktore.

K.E. Runyon ⁹⁾ noem benewens die vyf elemente waarna Walters verwys, ook nog pryse, advertensie, promosie en 'n kombinasie van faktore, as elemente wat die houding van die verbruiker teenoor die winkel beïnvloed.

Die invloed van prys varieer volgens produk, winkel of verbruiker. Prys is 'n relatiewe begrip en die invloed wat dit uitoefen hang grootliks af van die verbruiker se prysbewustheid.

9) Runyon, K.E., Consumer behavior and the practice of marketing, Charles E. Meril Publishing Company, Columbus, Ohio, 1977, p.p. 353 - 356.

Die invloed van advertensie op die keuse van 'n winkel is moeilik te bepaal aangesien dit in die kleinhandel allerweë gebruik word as 'n blote middel om inligting, veral prys, omtrent beskikbare produkte aan die verbruiker oor te dra. Relatief min winkels, met die uitsondering van die groter departementele winkels, benut advertensie as middel om beeld te bou. Dit is nogtans 'n feit dat advertensies die karakter van 'n onderneming reflekteer en dat hierdie karakter 'n invloed op die houding van die verbruiker het.

Verkooppromosies is ongetwyfeld 'n faktor in die vorming van die winkelbeeld asook om verkope te stimuleer, dog is nie voldoende om die keuse van winkels altyd te verklaar nie. Sterk voorkeur bestaan dikwels vir winkels waar verkoopspromosies beperk is.

Runyon wys daarop dat dit deur sommige navorsers besef is dat dit futiel is om die keuse van 'n winkel aan een faktor toe te skryf en dat 'n komplekse verhouding tussen reekse van produkte, houdings teenoor die winkel en verbruikerspersoonlikheid betrokke is.

Mason en Mayer¹⁰⁾ wys daarop dat verbruikers uit die hoër sosio-ekonomiese groepe blykbaar verkies om konvensionele winkels en spesialiteitswinkels te ondersteun wanneer produkte met 'n hoë sosiale risiko aangekoop word.

10) Mason, J.B. en Mayer, M.L., Modern retailing, theory and practice, Business Publications, Inc., Dallas, Texas, 1978, p. 105.

Hulle is egter aan die ander kant geneig om afslagwinkels te ondersteun sover dit produkte met 'n lae sosiale risiko betref. Kleinhandelaars mag dus poog om 'n strategie te ontwikkel om 'n kombinasie van afslag en gesofistikeerde diens te bied. Sosiale risiko speel wel 'n rol in die keuse van die winkel by ongereelde aankope van duur items soos matte en meubels.

Oxenfeldt ¹¹⁾ doen die volgende klassifikasie van eienskappe, wat 'n invloed op winkelbeeld het, aan die hand:

Tasbare faktore, wat insluit gehalte, verskeidenheid van produkte, diepte van produkreeks, minimum uitvoorraad, modes, snelle uitvoering van spesiale bestellings, krediet, voldoende verkoops personeel, geredelike omruiling van produkte en herstel.

Ontasbare voordele soos vriendelikheid, genoeglikheid, vertroue, hulpvaardigheid, ego-bevrediging - die gevoel om ge-admireer te word, en netheid.

Denkbeelde soos "Die beste winkel wat bestaan".

Kunkel en Berry ¹²⁾ het in 'n ondersoek waar inligting omtrent die beeld van drie groot departementele winkels deur middel van drie ongestruktureerde vrae ingesamel is bevind dat 99% van die reaksies ten opsigte van beeld in die volgende 12 kategorieë val:

1. Prys van goedere.
 - lae pryse
 - billike, kompeterende pryse
 - hoë pryse
 - waarde vir geld, met die uitsondering van spesifieke premies ten opsigte van gehalte.

11) Oxenfeldt, op. cit., p. 13.

12) Kunkel en Berry, op. cit., p. 26.

2. Gehalte van goedere.
 - hoë of lae gehalte van produkte
 - goeie of swak afdelings
 - handelsmerke.
3. Verskeidenheid van produkte.
 - wydte van produkreekse
 - diepte van produkreekse
 - bekende handelsmerke.
4. Modes of styl.
5. Verkoopspersoneel.
 - houding van verkoopspersoneel
 - kennis van verkoopspersoneel
 - hoeveelheid verkoopspersoneel
 - goeie of swak diens.
6. Gerieflike ligging.
 - ligging ten opsigte van woonplek
 - ligging ten opsigte van werksplek
 - toeganklikheid
 - goeie of swak ligging.
7. Ander gerieflikheidsfaktore.
 - parkering
 - besigheidsure
 - gerief ten opsigte van ander winkels
 - gerieflike uitleg van winkel
 - gerief in die algemeen.
8. Diens.
 - krediet
 - aflewering
 - restaurant fasiliteite
 - ander dienste, roltrappe, geskenk konsultante, batrekoop, ensovoorts.
9. Verkoopspromosies.
 - spesiale uitverkopings, insluitende verskeidenheid en gehalte van goedere op uitverkoop
 - seëls en ander promosies
 - modeparades en ander vertonings.

10. Advertensie.
 - styl en gehalte van advertensie
 - media wat gebruik word
 - betroubaarheid van advertensie.
11. Winkel atmosfeer.
 - algemene uitleg
 - binnenshuise- en buitenshuise decor van winkel
 - uitstal van goedere
 - tipe klant
 - samedromming
 - goed vir geskenke
 - "prestige" winkel.
12. Reputasie ten opsigte van aanpassings
 - terugneem van items
 - omruil van items
 - reputasie van billikheid.

Oxenfeldt ¹³⁾ doen die volgende program aan die hand ten einde beeld te bou:

1. Identifiseer die elemente wat waargeneem en verlang word deur potensiele verbruikers.
2. Evalueer die winkel aan die hand van hierdie elemente.
3. Bepaal waar ander winkels staan ten opsigte van hierdie evaluering.
4. Bepaal die idees, indrukke/beeld wat verskillende tipe verbruikers van die winkel het.
5. Besluit welke tipe beeld en indrukke ideaal geskep wil word.
6. Besluit welke tipe beeld en indrukke realisties gepoog moet word om oor te dra - inagnemende huidige beeld en kostefaktore.

13) Oxenfeldt, op. cit., p. 12.

7. Kies die middele wat aangewend kan word met inagneming van koste en risiko.
8. Monitor die resultate.

3.3. RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK

Weens die besondere aard van biersale kan alle aspekte van die winkelbeeld soos hierbo uiteengesit, nie op biersale van toepassing gemaak word nie. Biersale waar net sorghumbier verkoop word kom slegs in swart woongebiede voor en aangesien sorghumbier nie elders in die swart woongebiede op dieselfde wyse beskikbaar gestel word nie, is daar byvoorbeeld nie eintlik sprake van 'n keuse tussen distribusiepunte nie. Die houding van verbruikers ten opsigte van die ander elemente van die winkelbeeld, soos onder andere omskryf deur Kunkel en Berry, kan egter wel ondersoek word en word dan ook verder gepoog om die resultate van die ondersoek te sien teen die agtergrond van die elemente wat omskryf is.

Biersale word slegs deur 41% van sorghumbierdrinkers verkies as plek om bier te drink, terwyl 52,5% verkies om die bier tuis te drink. Hieruit kan afgelei word dat 'n groter persentasie van die verbruikers van die buiteverkope-afdeling van biersale gebruik maak as van die binneverkope.¹³⁾

Verbruikers wat verkies om tuis te drink voer hoofsaaklik as rede vir hul voorkeur aan dat dit meer ontspanne is tuis (16,5%) en dat hulle nie van die geraas in biersale hou nie (13%). Ander redes is vervoer (6,5%), te veel gevegte by biersale (5%) en biersale is altyd oorvol (2,5%).¹⁴⁾

13) Verwys tabel 3.1.

14) Verwys tabel 3.2.

Die meerderheid verbruikers wat verkies om in biersale te drink doen dit ter wille van geselskap (22%), terwyl die verwante rede, om by vriende te wees, deur 11,5% van die respondente aangevoer word. Ander redes sluit in ligging (3%), speletjies wat in biersale gespeel word (2%) en ongerief om bier te vervoer (1%). ¹⁵⁾

Hieruit kan afgelei word dat veel waarde geheg word aan die sielkundige element van die winkelbeeld en dat 'n behoefte bestaan om 'n atmosfeer van warmte, vriendelikheid en aanvaarding te skep.

Voorgestelde basiese veranderings om biersale te verbeter, soos deur respondente aan die hand gedoen, dui op 'n swak indruk wat die ontwerp van biersale op verbruikers het. 93% is van mening dat biersale meer gerieflik moet wees en 96% dat biersale meer beskutting teen reën en koue moet bied. Die res van die voorstelle gaan hoofsaaklik om fasiliteite en diens. 'n Hoë premie word geplaas op die handhawing van orde in die biersaal. Dienste wat verlang word is onder andere, musiek (83%), kaartspel (79%), televisie (88%), openbare telefoon (79%) en die indiensneming van kelners (91%).

Die strukturele gebreke wat hier uitgewys word dui sterk op 'n swak algemene indruk wat verbruikers van biersale het aangesien die gebreke beswaarlik deur 'n objektiewe waarnemer by die biersale onder bespreking gevind sal word.

Verdere voorstelle om biersale te moderniseer het ewe eens met fasiliteite en diens te make. Voorstelle wat die mees algemeen voorgekom het is die voorsiening van sagte stoele (25%), die voorsiening van beter tafels (17%), die bediening van etes (10%) en die installering van verwarmers (10%). ¹⁶⁾

15) Verwys tabel 3.3.

16) Verwys tabel 3.4. en 3.5.

Dit is duidelik dat 'n relatief lae beeld van biersale bestaan en dat baie in hierdie verband gedoen kan word om die beeld te verbeter.

Dit is ook duidelik dat groot biersale, wat plek bied aan meer as 100 persone die gewildste is en deur 67% van die respondente as die ideale grootte beskryf word. Kleiner biersale, wat minder as 50 persone huisves, word slegs deur 7% as die ideale grootte bestempel. 17)

Wat voorgestelde dienste in verband met die verkoop van sorghumbier betref is dit opvallend dat 70,8% van die respondente van mening is dat 'n behoefte vir kredietverkope nie bestaan nie. Die sterkste behoefte blyk die daargestelling van kanale waarlangs klagtes in verband met die produk aanhangig gemaak kan word (95,8%), houers of sakke om bier in te dra (91,7%) en meer inligting omtrent sorghumbier te wees (83,3%).

Die voorsiening van houers kan gesien word as 'n bloot basiese diens, dog die behoefte aan kanale waarlangs klagtes aanhangig gemaak kan word asook inligting in verband met die produk dui op verkoops personeel wat nie bevredigend funksioneer nie of moontlik nie ten volle vir hul taak opgelei is nie. Aflewerings by huise is 'n verdere groot behoefte wat verband hou met die voorkeur om bier tuis te drink soos reeds uit tabel 3.1. geblyk het. 18)

'n Vergelyking tussen biersale in swart woongebiede en drankwinkels in blanke gebiede toon aan dat respondente verskille hoofsaaklik as funksioneel sien. Die feit dat biersale slegs sorghumbier verkoop en drankwinkels in die blanke gebied alle soorte drank te koop aanbied, word deur 41,9% van die respondente as die belangrikste verskil gesien.

17) Verwys tabel 3.6.

18) Verwys tabel 3.7.

Daar kan dus afgelei word dat produk-verskeidenheid as belangrik beskou word deur die respondente. Die prysverskil sover dit sorghumbier betref, word deur 20,9% van die respondente uitgewys, terwyl 20% die feit dat sorghumbier by biersale gedrink kan word en nie by drankwinkels nie as die belangrikste verskil sien. ¹⁹⁾

Aangesien biersale slegs in swart woongebiede voorkom kan biersale, wat ligging betref, moontlik vergelyk word met die voorstedelike winkel. Die genoemde feit kan egter ook hydra tot die beeld van 'n minderwaardige verkooppunt wat slegs vir die gerief van swartes daargestel is.

Wat die beeld van die sorghumbieronderneming aan die Oos-Rand in geheel betref, sien verbruikers die onderneming ondermeer as welbekend, progresief, vriendelik en betroubaar. Verder word die onderneming ook gesien as redelik modern alhoewel wat die brou van bier betref, ervaar.

Slegs 56,3% van die respondente is bewus van die feit dat die wins wat uit die verkoop van sorghumbier gerealiseer word gebruik word om fasiliteite vir swartes daar te stel, 10,4% meen dat die wins vir ander doeleindes aangewend word en 33,3% weet nie waarvoor die wins aangewend word nie. ²⁰⁾

19) Verwys tabel 3.8.

20) Verwys tabel 3.9.

HOOFSTUK 4DIE PRODUKBEELD4.1 DIE AARD VAN PRODUKINVLOED

Dit kan beweer word dat die invloed wat die onderneming poog om uit te oefen op die verbruiker om sy besondere produk te koop tot bevrediging van sy behoeftes by die produk begin. Dit is nodig dat vooraf na die begrip "produk" asook die aard van hierdie invloed gekyk word alvorens na die houding van die verbruiker teenoor die produk self gekyk word.

Afhangende van die uitgangspunt van die waarnemer kan 'n produk verskillende betekenisse inhou. So kan die ingenieur 'n produk sien as 'n stel spesifikasies terwyl 'n rekenmeester dit as 'n stel kostes sien.

C. Glen Walters definieer 'n produk gesien vanuit die oogpunt van die verbruiker, soos volg:

"A product is a complex of tangible and intangible attributes, including packaging, colour, price, manufacturer's prestige, retailer's prestige, and manufacturer's and retailer's services, which the buyer may accept as offering satisfaction of wants and needs." ¹⁾

1) Walters, C. Glen, Consumer behavior theory and practice, Richard D. Irwin, Inc., Homewood, Illinois, 1978, p.516.

In die oog van die verbruiker is die produk meer as 'n fisiese voorwerp en hang die houding wat hy teenoor die produk inneem af nie alleen van die fisiese toestand van die produk nie, maar ook van die idee wat die verbruiker van die produk het. Dit kan dus gestel word dat die totale produk altyd meer is as die fisiese produk. Die produk wat die verbruiker koop is die fisiese produk asook die nut, diens of bevrediging wat die produk verteenwoordig. Dit volg dus dat die aard van die totale produk gewysig kan word deur 'n verandering aan die diens of nut wat die produk verteenwoordig.

C. Glen Walters sien dit wat die onderneming verkoop en die verbruiker koop in die laaste instansie as bevrediging. Die verbruiker stel nie belang in metaal, plastiek, hout, minerale en plante as sulks nie, dog in die diens wat hierdie dinge aan hom kan lewer. Dit is dus eerder die idee as die fisiese voorwerp wat die verbruiker interesseer. So is die motor vir die verbruiker nie 'n kombinasie van metaal, plastiek en bekleedsel nie, dog verteenwoordig dit vryheid, beweeglikheid, respek, sukses, trots en status. Die produk is dan 'n middel om 'n begeerte te bevredig.

Steuart Henderson Britt ²⁾ verwys na die toepassing van die gedragswetenskappe, in besonder die Sielkunde, om 'n beter insig in die siening van die produk te verkry. Inagnemende die subjektiewe element in die waarnemingsproses doen die Sielkundiges aan die hand dat 'n grondige studie gemaak word ten einde te bepaal hoe die verbruiker die produk sien.

2) Britt, Steuart Henderson, Consumer behavior and the behavioral sciences, John Wiley & Sons, Inc., New York, 1968, p. 354.

Daar word dan verwys na die sielkundige omgewing van die individu, wat inhou dat dit wat 'n persoon sien afhang van die eksterne stimulus asook sy persoonlikheid - die tipe persoon wat hy is, die toestand waarin hy verkeer en die ideologie wat hy aanhang. Dit bevat 'n sterk sosiale en kulturele komponent. Die invloed van die kultuur en die sosiale groep waarin 'n persoon beweeg op sy siening van sekere dinge moet besef word. Dinge word ook altyd in 'n bepaalde verband gesien en nie geïsoleerd nie. Dit vorm altyd 'n deel van die gehele situasie naamlik die innerlike en uiterlike omgewing. Uit die psigoanalitiese teorie word die konsep, dat die innerlike omgewing sekere onderdrukte begeertes en behoeftes bevat, geleen. Dit lei tot die idee van die produkbeeld en die eksploitasie van die verskillende betekenisse, rasioneel sowel as simbolies wat die produk vir die verbruiker mag hê.

Philip Kotler ³⁾ beskryf 'n produk soos volg:

"A product is anything that can be offered to a market for attention, acquisition, or consumption; it includes physical objects, services, personalities, places, organisations and ideas."

Kotler onderskei voorts tussen drie verskillende begrippe omtrent die produk. Eerstens noem hy die formele produk wat die fisiese voorwerp of diens is wat aangebied word en wat aan die volgende eienskappe uitgeken kan word: 'n sekere kwaliteit, bykomstighede, ontwerp, handelsmerk en verpakking.

3) Kotler, P., Marketing management. Analysis, planning and control, Prentice Hall International, Inc., London, 1976, p. 183-184.

Tweedens verwys Kotler na die kernproduk wat die fundamentele nut of diens is wat die verbruiker verlang. Die formele produk is volgens hom dus slegs die verpakking van die kernproduk.

Laastens word verwys na die saamgestelde produk wat die totaliteit van voordele is wat die verbruiker ervaar of ontvang wanneer hy die formele produk bekom. In hierdie verband word verwys na die verskeidenheid van dienste wat 'n komper bied en die belangrikheid beklemtoon van dit wat bygevoeg word tot die produk in die vorm van verpakking, diens, advertensie, verbruikersadvies, finansiering, aflewering en ander aspekte wat vir die verbruiker waarde inhou.

G.H.G. Lucas e.a. ⁴⁾ omskryf 'n produk as: "n Bundel behoeftebevredigende nuttighede (tasbaar en/of ontasbaar) wat aan 'n mark (verbruikers) gebied word sodat die mark aandag daaraan kan gee, dit kan aanskaf of dit kan verbruik. Dit sluit fisiese voorwerpe, dienste, persoonlikhede, plekke, instellings en idees in". Voorts word dan ook soos in die geval van Kotler verwys na die drie produkbegrippe, vormlike produk, kernbehoeftebevredigende produk en die totale produk.

4.1.1 MOTIVERING DEUR DIE PRODUK

C. Glen Walters ⁵⁾ wys daarop dat die meeste promosiepogings betekenisloos is indien dit nie op produkeienskappe baseer is nie. Hy beskryf vier funksies van die produk wat 'n rol speel in die motivering van die verbruiker.

-
- 4) Lucas, G.H.G. e.a., Die taak van die bemarkingsbestuurder, J.L. van Schaik Beperk, Pretoria, 1979, p. 303.
 - 5) Walters, C. Glen, op. cit., p. 517.

Eerstens dien die produk as 'n middel tot identifikasie. Eienskappe en ontwerp asook handelsmerke en verpakking onderskei die produk van ander produkte. Uit die aard van die saak is identifikasie 'n voorvereiste vir aankoop.

Tweedens is die verbruiker geneig om bevrediging te assosieer met die fisiese produk. Indien dus aan bevrediging gedink word, word die dienste wat die produk omring of die vervaardiger buite rekening gelaat. Die vervaardiger kom slegs in gedrang indien die handelsmerk en die naam van die vervaardiger dieselfde is. Bevrediging word met die produk assosieer omdat bevrediging meestal direk vanaf die produk ontvang word.

Derdens verseker die produk die verbruiker van sy goeie oordeel. Telkens wanneer die produk hergebruik word, en dieselfde gehalte ondervind word, word die verbruiker se aanvanklike besluit om dit aan te koop bevestig. Dit vloei dus hieruit voort dat konstante goeie gehalte van die produk essensieel is in die motiveringsproses.

Vierdens gee produkte aan verbruikers sielkundige bevrediging. 'n Verbruiker mag status of prestige verkry deur die gebruik van sekere produkte en sal dus gemotiveer wees om met die gebruik daarvan voort te gaan.

4.1.2 ELEMENTE VAN DIE PRODUKBEELD

Die reaksie van 'n verbruiker op dit wat aan hom gebied word op die mark hang grootliks af van sy subjektiewe waarneming daarvan, met ander woorde hoe hy dit sien.

Sandra en André van der Merwe stel dit soos volg:

"Consumers develop images of products, brands, stores, prices, advertisements, and institutions as a result of their perception, coloured by both the stimulus factors encountered, such as the physical product, its image, colour, size, shape, and so on, and individual factors, the person's character, role, previous experience, inner needs, motivation, expectations, prejudices, mood, and cultural and social background." ⁶⁾

Uit voorgaande is dit duidelik dat die sukses van 'n produk op die mark ten nouste saamhang met die beeld wat die produk onder verbruikers het. Dit is dus logies dat die bemarker soveel as moontlik omtrent sy produk behoort te weet, nie alleen wat die mening of houding van die verbruiker teenoor die produk is nie maar ook hoedanig dit in die produkbeeld gesimboliseer word. Die sterker eienskappe van die produk behoort dus bepaal en benut te word.

Elke produk, diens of onderneming is 'n simbool wat S.J. Levy omskryf as: "a general term for all instances where experience is mediated rather than direct; where an object, action, word, picture, or complex behavior is understood to mean not only itself but also some other ideas or feelings". ⁷⁾

-
- 6) Van der Merwe, Sandra en André, South African marketing strategy, Juta en Kie Beperk, Kaapstad, 1975, p.103.
- 7) Levy, S.J. soos aangehaal in Dunn, S.W. en Barban, A.M., Advertising: It's role in modern marketing, The Dryden Press, Illinois, 1974, p. 237.

Philip Kotler ⁸⁾ onderskei tussen produkidee, produk=konsep en produkbeeld. 'n Produkidee sien hy as 'n moontlike produk wat objektief en funksioneel beskryf kan word en moontlik op die mark geplaas kan word. 'n Produkkonsep is 'n bepaalde subjektiewe betekenis vir die verbruiker wat die onderneming poog om in die produk in te bou. Die produkbeeld beskryf Kotler as 'n bepaalde subjektiewe beeld wat die verbruiker van die produk vorm.

J.S. Wright, en andere ⁹⁾ is van mening dat dit wat die verbruiker koop 'n pakket van simbole is wat by die verbruiker se selfbeeld pas. Hierdie pakket van simbole noem hulle die produkbeeld en definieer dit soos volg: "The image of a product includes not only the picture the consumer has of the intrinsic qualities of the product, but also all the ideas he or she has about it - the sort of people who use it, the kind of stores that sell it, the character of the advertisements about it, the 'personality' of the firms that make it - in other words, the total of all the stimuli received by the buyer that are related to the product".

G. Glen Walters ¹⁰⁾ onderskei vyf elemente wat die produkbeeld uitmaak, naamlik produkontwerp, produkontwikkeling, handelsmerk, verpakking en prys.

Produkontwerp is 'n kombinasie van eienskappe, karaktertrekke en prestasiefaktore waaraan die produk sy ontstaan te danke het. Dit kan gesien word as die beliggaming van dit wat die produk is; wat dit vir die verbruiker kan doen.

8) Kotler, op.cit., p. 207.

9) Wright, J.S., e.a., Advertising, McGraw-Hill Book Company, New York, 1977, p. 372.

10) Walters, op. cit., p.p. 517 - 518.

Produkontwikkeling bestaan uit idees, navorsing, skeping, toets en sertifisering van nuwe produkte. Deur produkontwikkeling word voortdurend nuwe produkte vir die verbruikers geskep.

Handelsmerk is enige naam, simbool, of ontwerp, of kombinasie daarvan, waardeur goedere of dienste identifiseer en onderskei kan word van kompeterende produkte.

Verpakking is die houer waarin die produk aangebied word. Dit beskerm die produk en dien ook as identifikasie. Dit hang uit die aard van die saak ten nouste saam met handelsmerk en produkontwerp.

Prys is die bedrag wat die verbruiker moet bestee om die produk te bekom. Dit plaas 'n beperking op dit wat die verbruiker kan bekom en kan 'n aanduiding van kwaliteit gee.

Die produkbeeld word verder in hierdie studie aan die hand van voorafgaande vyf elemente in meer detail bespreek en ook in verband gebring met die resultate van die ondersoek na die beeld van sorghumbier onder swart verbruikers aan die Oos-Rand. Gerieflikheidshalwe word die elemente produkontwerp en produkontwikkeling asook handelsmerk en verpakking gesamentlik bespreek.

4.2 HOUDINGS TEENOOR PRODUKONTWIKKELING EN PRODUKONTWERP

Produkontwikkeling en -ontwerp beïnvloed die produkbeeld ten nouste aangesien die twee elemente bepaal wat die produk vir die verbruiker kan doen en watter nuwe produkte vir die verbruiker beskikbaar raak.

4.2.1 PRODUKONTWIKKELING

Kotler ¹¹⁾ wys daarop dat die verbruiker inderwaarheid 'n volgehoue stroom van nuwe en verbeterde produkte verlang. Ondernemings sal dus poog om hierdie verlange te bevredig en is dit dus duidelik dat innovasie 'n vereiste is vir groei en oorlewing.

Sandra en André van der Merwe ¹²⁾ verklaar dat produkontwikkeling onderliggend is aan alle verbruikersgeoriënteerde ondernemings. Hulle wys egter ook op die riskantheid van sodanige ontwikkeling as gevolg van die drastiese invloed wat dit op die winsgewendheid van die onderneming kan hê. Die voor die handliggende wyse om 'n nuwe produk te skep sien hulle as 'n verandering in die voorkoms van die produk wat dit 'n ander produk in die oog van die verbruiker sal maak. Dit kan gedoen word deur of 'n verandering in vorm of 'n verandering in verpakking.

Produkontwikkeling kan gesien word as 'n vorm van innovasie. Dit word tans algemeen deur besigheidsbestuurders aanvaar dat ondernemings wat nie innoveërníe gedoen is tot ondergang. Dit word dan ook ondervind dat uitgawes ten opsigte van navorsing en ontwikkeling in die meeste ondernemings parallel loop met 'n toename in verkope. ¹³⁾ Die belangrikheid van innovasie en verandering sover dit die houding van verbruikers betref is dus duidelik.

Produkontwikkeling beïnvloed produkbeeld enersyds deur dat verbruikers genoodsaak word om 'n bestaande beeld van 'n produk wat deur innovasie bedreig word te herevalueer en andersyds deurdat nuwe beelde van nuwe produkte gevorm word.

11) Kotler, op. cit. p. 197.

12) Van der Merwe, op. cit. p. 148.

13) Walters, op. cit., p. 519.

Dit is voorts nodig om daarop te let dat sommige verbruikers innovasie voorstaan en ander nie. Drie redes word deur Walters aangevoer waarom verbruikers verandering in produkte verkies.¹⁴⁾ Eerstens lei dit tot verbeterde produkte wat die verbruiker se lewensstandaard verhoog en groter bevrediging verleen. Uitgediende produkte dien ook 'n nuttige doel in die sin dat dit die basis vorm van 'n tweedehandse mark.

Tweedens lei innovasie tot 'n groter verskeidenheid van produkte wat aan die verbruiker 'n wyer keuse bied. Dit is ook moontlik, dat innovasie tot meer produkte van dieselfde generiese tipe kan lei.

Derdens is daar aansienlike sielkundige bevrediging in produkontwikkeling wat produkbeeld beïnvloed. Sielkundige bevrediging wat geput word uit produk-innovasie sluit in status en prestige wat eienaarskap meebring en sosiale erkenning of leierskap.

Soos reeds genoem is alle verbruikers egter nie ten gunste van innovasie nie. Die ontwerp van die Volkswagen kwer is 'n goeie voorbeeld van 'n produk wat hierdie verbruikers se begeertes bevredig het. Redes vir die houding ten gunste van minder veranderings sentreer om die ekonomie. Die produk mag goedkoper wees aangesien geen of weinig uitgawes aangegaan word ten opsigte van produkontwikkeling of veranderinge om modegrille te bevredig. Die ondervinding in die vervaardiging van die spesifieke produk lei tot vervolmaking van die produk wat lopende koste vir die verbruiker verminder. Die waardevermindering van 'n produk wat nie voortdurend verander nie is geneig om minder te wees en die verbruiker kan dus verwag om 'n beter inruil of herverkoopwaarde vir die produk te verkry.

14) Walters, Ibid.

Laastens kan sielkundige bevrediging ook verkry word deurdat die verbruiker in 'n wêreld waar verandering algemeen is homself onderskei deur nie te verander nie.

Produk-innovasie lei uit die aard van die saak tot uitgediende produkte. Aangesien innovasie beplan word, kan afgelei word dat uitgediendheid ook tot 'n groot mate beplan word. Hierdie feit het natuurlik 'n invloed op die houding van die verbruiker.

Die volgende tipes van beplande uitgediendheid word aange-tref:

1. Tegnologiese uitgediendheid

Die verbetering van die produk het in hierdie geval gewoon tot gevolg dat die ou produk nie meer kan kompeteer nie, bv die gebruik van spuitaaangedrewe enjins in vliegtuie in die plek van die konvensionele binnebrand enjins.

2. Uitgestelde uitgediendheid

In hierdie geval word die tegnologies verbeterde produk teruggehou totdat die onderneming van mening is dat die mark 'n stimulus benodig.

3. Opsetlik-ontwerpte fisiese uitgediendheid

Deur die lewensverwagting van die produk met opset te verkort word 'n groter vervangingsmark geskep.

4. Uitgediendheid as gevolg van mode

As gevolg van geringe, kunsmatige veranderings aan die produk van tyd tot tyd (dikwels jaarliks) voel die verbruiker "uit die mode" indien hy nie die jongste produk besit nie.

Veel meer kan oor laasgenoemde vorm van uitgediendheid gesê word dog vir die doeleindes van hierdie studie word hiermee volstaan.

4.2.2 PRODUKONTWERP

Die produsent ontwerp sy produk om sekere eienskappe te bevat wat hy verwag by die grootste hoeveelheid verbruikers byval sal vind. Die beeld wat die verbruiker van die produk vorm hang tot 'n groot mate af van hoe hy die ontwerp interpreteer. Die volgende faktore speel 'n rol in die verbruiker se beoordeling van die produk.

Eerstens verskil die houding van verbruikers teenoor produkte as gevolg van die feit dat mense verskil. Die geslagsverskil by mense lei byvoorbeeld tot 'n sekere "geslagsverskil" by produkte, byvoorbeeld in die geval van sigarette.

Tweedens verskil die smaak van verbruikers ten opsigte van sekere produkeienskappe. Selfs al sou twee verbruikers saamstem oor die geskiktheid van 'n generiese produk, mag sekere spesifieke eienskappe nie in die smaak van al twee val nie.

Derdens is die emosionele reaksie van mense nie altyd dieselfde nie. Twee produkte word verskillend gesien as gevolg van 'n emosionele reaksie bloot op 'n kunsmatige eienskap of idee wat die verbruiker in die produk waarneem.

Vierdens verskil verbruikers omtrent die begrip geskiktheid. Die voorkeur vir 'n sekere produk is soms hoogs abstrak. 'n Produk wat volgens tegniese spesifikasies in alle opsigte aan die vereistes voldoen mag nie as geskik beskou word nie as gevolg van byvoorbeeld die hoë prys. Die besondere situasie mag ook die geskiktheid van die produk beïnvloed.

4.2.3. RESULTATE VAN ONDERSOEK

Soos uit voorgaande teoretiese uiteensetting blyk is die begrip produkbeeld kompleks en subjektief van aard. In hierdie afdeling van die ondersoek is gepoog om die houding en idees van verbruikers ten opsigte van die eienskappe van sorghumbier te bepaal. Voorts is ook aandag gegee aan die tipe persoon wat sorghumbier drink aangesien dit volgens J.S. Wright en andere wel deeglik tot die algemene beeld van die produk bydra.

Soos blyk uit tabel 4.1 is die voorkeur vir moutbier hoog onder swart verbruikers en verkies slegs 30% van die respondente sorghumbier bo moutbier.

Ten einde hierdie voorkeur enigszins te verklaar en ook te poog om meer te wete te kom omtrent die tekortkominge van sorghumbier is respondente gevra waarom moutbier bo sorghumbier verkies word. Die redes verstrekt is uiteenlopend van aard en slegs die redes "Dit hou my gesond, fiks en sterk" en "Dit veroorsaak nie 'n 'hangover'" word deur 'n redelike persentasie, naamlik 23% aangevoer. ¹⁵⁾

Ander redes sluit in die sterkte (10,5%), smaak (9%) en reuk (8%). Slegs 4,5% van die respondente voer aan dat moutbier meer gesofistikeerd is en hoër status aan die verbruiker verleen.

As redes waarom sorghumbier bo moutbier verkies word, word as belangrikste rede aangevoer dat sorghumbier 'n tradisionele drank vir die swartman is, ¹⁶⁾ naamlik 6% van die 30% wat voorkeur aan sorghumbier verleen. 'n Verdere rede vir voorkeur van sorghumbier is die hoër prys van moutbier (3,5%). Dit kan dus beweer word dat indien die respondent dit sou kon bekostig hy eerder moutbier sou koop.

15) Verwys tabel 4.2.

16) Verwys tabel 4.3.

Dit blyk ook uit die tabel dat die swart verbruiker soms sekere idees omtrent die produk vorm wat dikwels moeilik te verklaar is, soos die idee dat die skuim van moutbier 'n mens laat hoes of dat die gis in die bier 'n mens siek maak. Hierdie verskynsel sal ook uit verdere tabelle blyk.

'n Ontleding van die redes waarom sorghumbier werklik ge= drink word, toon dat die prys hier 'n belangrike faktor is. ¹⁷⁾ 25% van die sorghumbierdrinkers voer dit as rede aan. Dit blyk ook dat 'n hoë waarde aan die gesond= heidsaspek geheg word aangesien 16,5% van die respon= dente van mening is dat sorghumbier hulle fiks en ge= sond hou, 11% dat dit voedsaam en gesond is, en 11% dat dit 'n mens nie siek maak nie. Dit is dus duide= lik dat hierdie aspek aandag verdien sover dit die be= marking van sorghumbier betref.

Op grond van hierdie inligting kan dus beweer word dat sorghumbier deur die verbruiker gesien word as 'n goed= koop en gesonde drank.

Slegs 11,5% het onder hierdie vraag aangedui dat hulle van die smaak hou terwyl dit opvallend is dat redes soos "Dit maak 'n mens gelukkig en ontspanne" en "Ter wille van plesier" deur onderskeidelik 9,5% en 4,5% aange= voer word.

Die sielkundige bevrediging wat die produk kan bied blyk hieruit.

Die redes "Dit les 'n dors", "Dit wek 'n aptyt", en die geselskap wat met die drink van sorghumbier gepaard gaan, soos aangevoer onder die redes vir die voorkeur van moutbier word hier ten opsigte van sorghumbier herhaal.

17) Verwys tabel 4.4.

Met die oog op die moontlikheid om meer verbruikers, veral die wat in die verlede wel sorghumbier gedrink het, te oorreed om weer die produk te gebruik, is respondente gevra wat hulle daartoe sou oorreed. ¹⁸⁾ Die oorweldigende meerderheid (47%) het verklaar dat geen moontlikheid bestaan dat hulle die produk weer sal gebruik of sal begin om dit te gebruik nie. 7% van die respondente het wel aangedui dat hulle sorghumbier by seremoniële geleenthede sal gebruik, 7% vir mediese redes, 4% indien aangebied, 3% indien hulle in die tuisland is en 2% indien hulle baie dars is. Verdere moontlikhede verwys na sekere veranderings aan die produk byvoorbeeld indien die bier behoorlik gesif word, (5%), gis verminder word (1%) en indien weer volgens "ou" resep gebrou word (1%). Die lae prys mag 4% van die respondente oorreed om weer sorghumbier te drink.

Dit is dus duidelik dat sorghumbier 'n uiters swak beeld het onder nie-verbruikers. Hierdie houding teenoor die produk kan slegs deur middel van 'n behoorlike bemarkingstrategie oor die lang termyn verbeter word.

Uit voorafgaande kan ook wat die bemarking van sorghumbier betref verklaar word dat die behoud van die huidige verbruikers hoogste prioriteit moet geniet en markuitbreiding langs die weg van ingrypende produkontwikkeling gesoek moet word.

By die evaluering van sekere eienskappe van sorghumbier is smaak, gehalte, sterkte en prys as die belangrikste eienskappe aangedui. ¹⁹⁾ Eienskappe wat as minder belangrik beskou word is handelsmerk, datum wat op die houer verskyn, bestanddele wat op die houer genoem word, en die feit dat sorghumbier ook beskikbaar is in 2 en 4 liter houters.

18) Verwys tabel 4.5.

19) Verwys tabel 4.6.

Alhoewel smaak dus skynbaar nie 'n belangrike rol speel sover dit die motivering om wel sorghumbier te drink betref nie, word dit deur die gevestigde sorghumbierdrinker as 'n belangrike eienskap van die produk beskou.

Dit is voor die handliggend dat in die lig van bo=staande gegewens gehaltebeheer 'n hoë prioriteit moet geniet by die produksie en bemarking van sorg=humbier.

Algemene opvattinge omtrent sorghumbier is aan die hand van sekere stellings getoets. ²⁰⁾ Die belang=rikste positiewe opvattinge hier was die aangename smaak (76%), die vriendskap wat met die drink van sorghumbier gepaard gaan (84%), die feit dat die ge=bruik van sorghumbier honger voorkom (73%) en die gesondheidsaspek. 70% van die respondente beweer egter dat sorghumbier 'n onaangename reuk het terwyl sekere nadelige invloede op die gesondheid hier ge=noem word, byvoorbeeld dit veroorsaak maagpyne; be=invloed die niere en beskadig weefsels en senuwees.

Die belangrikste aspekte wat uit hierdie tabel na vore tree is enersyds die negatiewe beeld wat deur die reuk van sorghumbier geskep word, en andersyds die klem op die voedingswaarde van sorghumbier.

Dit blyk dat meeste respondente (66%) van mening is dat sorghumbier nie meer volgens die tradisionele resepte gebrou word nie. ²¹⁾

20) Verwys tabel 4.7.

21) Verwys tabel 4.8.

Die siening mag verband hou met die modernisering van produksiemetodes in die sorghumbierbedryf ener= syds, en andersyds dui op die bestanddele waarmee sorghumbier gebrou word aangesien, soos in Hoofstuk 1 gemeld, ook ander bestanddele tradisioneel in die brouproses gebruik is.

96% van die steekproef sien die tipiese sorghumbier= drinker as manlik, ²²⁾ terwyl 92% hom as oud of be= jaard beskryf. Die beeld van die sorghumbierdrinker hou voorts die volgende vir respondente in: Arm, swak opvoedkundige kwalifikasies, met aan die positiewe kant, gesond, vreedsaam, sosiaal en netjies.

Dit dien hier vermeld te word dat in vorige studies die sorghumbierdrinker ook beskryf is as onnet en on= welriekend. Wat die beeld van die sorghumbierdrinker betref ontstaan die vraag egter in hoeverre die siening soos hierbo weergee slegs betrekking het op verbruikers wat in die openbaar waargeneem word teenoor die groter persentasie verbruikers wat sorghumbier in die pri= vaatheid van hul wonings gebruik.

Voorstelle om die gehalte van sorghumbier te verbeter toon sekere teenstrydighede wat moontlik dui op smaak= verskille. ²³⁾ Die grootste persentasie, naamlik 36% verlang egter dat bier meer moet skuim. Sterker bier word deur 14% verkies terwyl dieselfde persentasie van die respondente dit minder sterk verkies. 14% van die respondente verlang 'n dikker bier en 6% 'n dunner bier.

22) Verwys tabel 4.9.

23) Verwys tabel 4.10.

Die kleur blyk belangrik te wees en 14% verkies 'n aantreklike (rooierig of bruinerige) kleur. 'n Bitterder smaak word deur 10% verkies en 'n soeter smaak deur 8%.

Uit die inligting hierbo genoem is dit duidelik dat een standaard produk beswaarlik die behoeftes van verbruikers kan bevredig en wil dit voorkom of 'n aantal verskillend produkte met duidelik onderskeidende fisiese kenmerke met vrug op die mark geplaas kan word.

4.3 VERPAKKING EN HANDELSMERK

Verpakking en handelsmerk vul mekaar aan en dra beide by tot die vorming van die produkbeeld. Om die rede is verpakking en handelsmerk besig om in belangrikheid toe te neem op die mark. In lande soos Amerika waar die lewensstandaard steeds styg en verbruikers gevolglik meer geld beskikbaar het om te bestee kan die verbruiker 'n keuse uitoefen hoedanig hy sy fondse wel gaan bestee. Effektiewe handelsmerke en verpakking kan voorkeure van een produk na 'n ander laat verskuif. In 'n toeneemende kompeterende mark waar verskillende produkte meeding om rakspasie en waar promosieveldtogte verskerp word, is handelsmerk en verpakking hulpmiddels in die stryd om 'n differensiële voordeel.

Die neiging tot selfbediening in distribusiepunte waar seleksie deur die verbruiker self uitgeoefen word verhoog ewe eens die belangrikheid van handelsmerk en verpakking. Ideaal gesproke, moet die produk homself by die verkooppunt verkoop.

4.3.1 HANDELSMERK- EN VERPAKKINGSINVLOEDE

Handelsmerk en verpakking kan die houding van verbruikers op verskeie wyses beïnvloed. S.W. Dunn & A.M. Barban ²⁴⁾ verwys na die invloed van handelsmerk in die lig van selfvervulling. Die gedrag van die verbruiker hang gedeeltelik af van sy selfbeeld. Omdat hy aan homself dink as byvoorbeeld 'n "Chesterfield roker" koop hy die besondere handelsmerk.

Walters ²⁵⁾ omskryf vyf wyses van beïnvloeding van die houding van die verbruiker deur handelsmerk en verpakking.

1. Aandag

Die aandag van die verbruiker moet op 'n produk gevestig word alvorens enige houding gevorm kan word. Feitlik alle eienskappe van die produk kan dien om aandag te trek dog normaalweg speel kleur, handelsnaam, slagspreuke en simbole 'n belangrike rol. Die vermoë van die produk om aandag te trek kan die bepalende faktor by die keuse van 'n produk wees.

2. Identifikasie

Handelsmerke en verpakking vergemaklik identifisering van die produk. Identifisering is allerbelangrik ten einde houdings van verbruikers te vorm ten opsigte van nut, kwaliteit en prys van die produk. 'n Handelsnaam soos Kodak sal geredelik assosieer word met fotografiese produkte terwyl die simbool van die Suid-Afrikaanse Lugdiens byvoorbeeld ewe eens deur die meerderheid herken sal word.

24) Dunn en Barban, op. cit., p.p. 239 - 240.

25) Walters, op. cit., p. 525.

Identifikasie word verbeter indien die handelsmerk en die verpakking geïntegreer kan word. Kleure, simbole en slagspreuke moet duidelik en van toe=passing op die produk wees.

3. Kommunikasie betreffende inhoud -

Handelsmerk en verpakking dra by tot die vorming van 'n beeld van die aard van die inhoud of die voordele van die produk. Voordele kan deur die naam van die produk of sekere elemente van die verpakking gesuggereer word.

4. Psigologiese konnotasies

Hierdie faktor het te make met die emosionele reaksie van die verbruiker op die handelsmerk of verpakking. Die ontwerp van die verpakking of die gebruik van sekere tipe letters, dra 'n indruk aan die verbruiker oor wat met die produk verbind word.

5. Funksie

Hierdie faktor het basies met die verpakking self te doen. Hier word verwys na die funksionele doeltreffendheid van die verpakking. Dit moet redelik maklik oop en/of toe maak. Dit moet geskik wees om die inhoud afdoende te beskerm en om gemaklik te berg.

4.3.2 HOUDINGS TEENoor HANDELSMERK EN VERPAKKING

Daar word algemeen verwys na vier besondere houdings van verbruikers ten opsigte van handelsmerk en verpakking.

Eerstens word verwys na die houding van die verbruiker teenoor vervaardigershandelsmerke aan die een kant en verspreidershandelsmerke aan die ander kant. Verbruikers beskou eersgenoemde as van 'n beter gehalte as laasgenoemde om die volgende redes:

1. Vervaardigers beoefen beter kwaliteitsbeheer.
2. Vervaardigers se naam is op die spel.
3. 'n Vervaardigersproduk het 'n sekere prestige-waarde.
4. As gevolg van beter navorsing verbeter die gehalte van vervaardigershandelsmerke steeds.
5. Die verbruiker is bekend met vervaardigershandelsmerk. Dit is meer algemeen.

Alhoewel geen konkrete bewyse bestaan of verbruikers korrek is in hul opvatting al dan nie, is die feit dat verbruikers daarvolgens optree.

Verspreidershandelsmerke, of privaathandelsmerke, hou egter ook sekere voordele in en word deur sommige verbruikers om die volgende redes verkies:

1. Laer pryse
2. Meer geskik vir plaaslike behoeftes
3. Daar word nie vir bykomstighede wat nie benodig word betaal nie
4. Ondersteuning van plaaslike ondernemings
5. Beter beskerming teen defekte deur plaaslike, bekende ondernemings.

'n Verdere houding is dat handelsmerk en verpakking 'n nuwe produk kan vorm. Indien dieselfde produk in 'n ander verpakking geplaas word, word die produk anders beskou.

Enige verandering in die eienskappe van die produk kan inderwaarheid 'n verandering in die beeld wat die verbruiker van die produk het te weeg bring. Die ontwerp van die verpakking kan en word dan ook dikwels vir die doel gebruik.

Veelvoudige verpakking is 'n verdere faktor wat die beeld van die produk kan beïnvloed. Produkte wat op die wyse suksesvol verpak word is onder andere bier, sakdoeke, flitsbatterye ensovoorts. Veelvuldige verpakking kan ook vir komplementêre produkte soos skeermesse en lemmetjies gebruik word."

Die grootte van die verpakking speel ook 'n belangrike rol in die vorming van die produkbeeld. Die grootte van die verpakking behoort dit vir die verbruiker moontlik te maak om slegs die hoeveelheid wat normaalweg benodig word te kan aanskaf. Die tendens is hendaags om verpakkingsgroottes uit te brei en sodoende 'n groter keuse aan die verbruiker te bied.

4.3.3 RESULTATE VAN ONDERSOEK

Die houding van die verbruiker ten opsigte van verpakking van sorghumbier en handelsmerk word in hierdie afdeling ondersoek as 'n eienskap van die produk wat bydra tot die algemene beeld van die produk.

Van die 39,4% respondente wat sorghumbier drink verkies 43% om verpakte sorghumbier te drink.²⁶⁾ Ter verduideliking word gemeld dat sorghumbier normaalweg ook in losmaat, deur middel van 'n dekantermeter in biersale verkoop word teen 'n laer prys as verpakte bier.

26) Verwys tabel 4.11.

Die tendens gedurende die afgelope aantal jare onder stedelike swartes toon 'n redelike swaai na verpakte bier. Die redes wat vir die voorkeur vir verpakte bier genoem word, is hoofsaaklik dat verpakte bier altyd vars en skoon is (10,5%) en dat die pakkie gemaklik hanteer. Ander redes sluit in dat bier sterk bly in die pakkie en makliker vervoer kan word. Dit is opvallend dat soveel van die redes aangevoer dui op die funksionele doeltreffendheid van die pakkie eerder as enige subjektiewe voorkeure vir 'n pakkie.

Die redes vir die voorkeur vir onverpakte bier is hoofsaaklik dat dit altyd vars is (20%), goedkoper is (6,5%) en beter smaak as in 'n karton houer (6,5%). Dit is duidelik dat die verbruiker onverpakte bier om spesifieke redes drink, met ander woorde 'n definitiewe voorkeur daarvoor het en dit dus inderwaarheid as 'n afsonderlike produk beskou kan word.

'n Onderzoek na die voorkeure ten opsigte van die tipe houer toon dat die kartonpakkie die grootste voorkeur geniet (34%). Slegs 5% en 4% verkies onderskeidelik 'n plastiese of 'n glas bottel. 27) Die beskikbaarheid van laasgenoemde houters in die betrokke streek kon egter aanleiding gegee het hiertoe aangesien beide houters in die gebied redelik onbekend is.

27) Verwys tabel 4.12.

Wat die grootte van die houer betref is die 1-liter houer by verre die gewildste en word deur 79,2% van die respondente verkies. ²⁸⁾ 16,7% van die respondentedui aan dat hulle die 2-liter houer verkies alhoewel die houer ook betreklik onbekend in die streek is. Dit dui dus op 'n moontlike behoefte wat onbevredig is. Dit kan ook betrekking hê op die feit dat onverpakte bier wat vir binneverbruik gekoop word normaalweg in eenhede van 2-liter voorsien word.

By kleurvoorkeure vir die sorghumbierpakkie blyk blou die oorweldigend gewildste kleur te wees, wat deur 60,4% van die respondente verkies word. Hierna volg wit (14,6%), bruin (10,4%), en groen en rooi wat elk deur slegs 4,2% van die respondente verkies word. ²⁹⁾

Die voorkeur wat blou geniet kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat die bestaande pakkie in die streek blou is. In 'n ondersoek deur G.D. Campbell en T.D. Gemmel ³⁰⁾ in verband met houters vir die verpakking van melk, wat onder swartes uitgevoer is, word egter ook tot die slotsom gekom dat blou die gewildste kleur is.

28) Verwys tabel 4.13.

29) Verwys tabel 4.14.

30) Campbell, G.D. en Gemmel, T.D., Inkomazi - The old cow, Navorsing vir Bemarking, Maart 1972, p. 20.

Pat van der Reis ³¹⁾ verklaar aan die hand van sekere studies dat swartes anders as blankes op kleure reageer. Die aanvaarding van 'n produk mag beïnvloed word deur die stam se kleurassosiasies. Die bevindings in verband met kleurvoorkeure onder swartes in die algemeen het gevolglik in die lig van die vele faktore wat betrokke is, soos stamver=skille, weinig waarde.

Wat die voorkeure ten opsigte van die motief of beeld op die pakkie betref vind 'n foto of tekening van 'n sterk gesonde man die grootste byval. ³²⁾ 85,4% verkies hierdie motief wat weer eens ooreenkom met die bestaande pakkie in die betrokke streek. Dit kan egter daarop dui dat die pakkie 'n hoë mate van aanvaarding geniet.

